**<u>Mense sê mens moet net glo, maar wat moet mens dan glo?</u>**

**<u>Hoe kies mens wie om te glo?</u>**

Geloof is dit wat iemand glo, wat in sy hart is en waarvan hy oortuig is. Alle mense glo verskillend oor verskillende dinge en dit hou baie verband met hoe elke mens grootgeword het en in watter tyd hy grootgeword het en waar hy grootgeword het.

Iemand wat in ‘n Protestantse Iering grootgeword het, glo gewoonlik dat dit die waarheid is en verdedig dit met geweld.

Sy tydgenoot groei op in ‘n Rooms Katolieke deel van Ierand en glo dit is reg en verdedig dit met geweld.

Hierdie twee persone verskil heeltemal in hulle sieninge van godsdiens en elkeen glo hy is reg.

Vandag is die gewilde manier van glo om by ‘n kerk aan te sluit en te glo wat hulle glo. “Ek glo wat my kerk glo en wat my predikant glo, want hy is geloofwaardig en het lank gestudeer”.

Geloof is nie ‘n belydenis nie en nie iets wat mens by ‘n ander mens kan leen nie, maar dit is iets waarvan iemand oortuig is.

Wanneer die Voortrekker die binneland ingetrek het, het hul verspieders vooruit gestuur om te kyk wat die beste roetes is. As twee verspieders verskillend terugrapporteer is dit ‘n probleem, want watter een moet die Trekkers dan glo? Hierdie situasie is dan nie net ‘n opinie nie, maar die Trekkers moet ‘n besluit neem, op grond van watter verspieder hulle glo.

Ons geloof bepaal ons optrede en is nie net iets wat ons bely as ons gevra word nie. Iemand wat oortuig is dat mense inherent goed is en goeie bedoelings het, sal gewoonlik streef na wêreldvrede en gemeenskaplike belang, maar iemand wat skepties is oor mense se bedoelings en glo dat mense van nature selfsugtig is en net hulself wil bevoordeel, sal onttrek van die samelewing, omdat hy niemand se bedoelinge vertrou nie.

Elkeen van hulle glo anders en daarom is hulle optrede, hulle lewe en ook hulle doelwit in die lewe verskillend.

Iemand se geloof beïnvloed sy hele lewe en daarom is geloof nie net iets wat mens bely nie, maar dit is wat in jou hart is en waarvan jy oortuig is. Geloof het dus nie net met godsdiens te doen nie, maar met elke besluit wat iemand elke dag neem.

Ongelukkig het ons geloof in die Almagtige en ons begrip van Hom, verander in godsdiens. Hoewel Hy ons lewe is, word Hy gereduseer tot godsdiens. In plaas daarvan dat Hy die oorsprong van ons lewe en die uiteinde daarvan is, het ons van Hom 'n godsdiens gemaak. In plaas daarvan dat ons in Hom glo vir alle aspekte van ons lewe, is Hy nou net 'n klein gedeelte van ons lewe en dit is wanneer ons kerk toe moet gaan.

Dan is daar ook nog duisende verskillende kerke met duisende verskillende idees van godsdiens en elkeen vertel hoe reg hulle is en hoe verkeerd die ander is en tussen hulle is al die verwarde mense wat nie weet waarheen en wat nie.

Geloof en kerk het niks met mekaar te doen nie. Kerk is 'n menslike instelling wat jare terug deur mense gemaak is en voorskryf wat geglo moet word.

Wanneer iemand afwyk van die kerk se siening, word hy aangespreek en dalk selfs gevra om dit te verlaat, want dit is nie wat die kerk glo nie. Dit klink dalk nie so verkeerd nie, maar iemand kan tog nie voorgeskryf word wat om te glo nie, maar hy moet oortuig word.

Dit is dieselfde as om iemand met 'n geweer te dreig en te dwing om in 'n god te glo. Die gedreigde sal dalk bely dat hy glo, maar dit is tog ooglopend dat hy dit net sê om nie te sterf nie. In 'n kerk stem mense saam, omdat hulle nie geban wil word, of verwerp wil word nie.

Nou wat is geloof in God dan, as dit nie betrekking het op kerke en kerklering nie?

As voorbeeld het ons vir Abraham wat meer as drieduisend jaar terug gelewe het. Abraham was nie in die kerk nie, want hy het meer as 'n duisend jaar voor die eerste kerk gelewe en tog het hy in God geglo.

Sy geloof is vir ons almal 'n voorbeeld van wat geloof is, want God beskryf hom as die vader van die gelowiges.

Nou is die vraag; hoe het Abraham dan geglo en wat het hy geglo? Kan mens net enige iets glo, want die mense sê jy moet net glo, maar wat moet jy glo, en wie moet jy glo, want almal sê verskillende dinge.

Sodra die een prediker jou oortuig van sy siening deur sy goeie argumente, dan hoor jy weer 'n ander oortuigende persoon wat heeltemal verskil van dit wat jy eers gehoor het.

Wie is dan reg en wie moet ons glo?

Terug na Abraham. Hy het geglo sonder die hulp van 'n prediker of 'n kerk en sy geloof is hom tot geregtigheid gereken.

Wat het hy geglo?

Geloof is baie eenvoudiger as wat ons van dit maak. God het Homself aan Abraham geopenbaar deur drome, gesigte en deur met hom te praat. God het met hom 'n verbond gesluit en aan hom beloftes gemaak. Dit was die eerste gedeelte van geloof, om God se woorde te hoor en te verstaan.

Nou kom die tweede deel van geloof.

Abraham moes besluit of dit die waarheid, of nie die waarheid is nie. As hy dit wat God vir hom gesê het geïgnoreer het en in sy hart gedink het dat dit nonsens is, glo hy nie, maar as hy oortuig is van dit wat God gesê het en 'n verwagting het dat sy beloftes wel gaan vervul, dan glo hy.

Vir ons werk dit presies diesefde. Ons hoor God se woorde aan ons deur die Bybel te lees en dan het ons 'n keuse of ons dink dit is nonsens en of ons insien dat dit die waarheid is en dit glo. Dit wat dit vir ons die moeilikste maak om God te kan glo, is al die opinies van Hom en al die opinies van wat Hy gesê het, want elke mens het 'n ander opinie.

Dit wil sê; die grootste rede waarom mense nie in God glo nie, is omdat hulle by 'n kerkorganisasie of 'n godsdienstige persoon van God gehoor het, want min mense lees self die Bybel, maar wag vir ander mense om hulle te vertel wat in die Bybel staan.

Ons uitdaging en plig teenoor onsself is dus om die tyd te neem en die moeite te doen, om self die Bybel te lees. Enige persoon wat die Bybel wil lees, moet dit doen soos wat mens enige ander boek sou lees.

Mens lees nie rond en bont in ‘n storieboek of in ‘n outobiografie nie, want dan sal mens nie kop of stert daarvan kan uitmaak nie en dan is verwarring en misverstande jou voorland.

Mens vra ook nie vir ander mense wat elke sin beteken en mens interpreteer ook nie die skrywer se woorde nie, maar mens begin voor in die Boek en lees dit tot agter en verstaan dit soos wat die skrywer dit geskryf het.

Sodra iemand die moeite doen om die Bybel deur te lees, sal sy hele opinie van die Alamgtige verander en so ook sy opinie van die Bybel.

Omdat die Bybel ‘n bonatuurlike boek is, sal die leser tot die ontdekking kom dat hy met ‘n wonderwerk in sy hande sit en dat daardie Boek die woorde van die Alamgtige, aan die mens bevat. Dit wat God duisende jare terug aan Abraham gesê het is ook opgeskryf in die Bybel, maar daarna het daar nog baie ander Woorde van God af gekom. Dit wat Hy vir Abraham gesê het, het hy nie vir ons gesê nie, maar het wel vir ons ook dinge gesê. Baie dinge en as ons nie weet wat Hy gesê het nie, hoe sal dit moontlik wees om Hom te glo?

Die slotsom is dus om nie mense te glo nie. Ons mag nie.

As jou vraag dus nog altyd is wie jy moet glo, die antwoord is dat jy niemand moet glo nie, maar dat jy God moet glo en al hoe jy Hom kán glo, is om sy Woorde by Homself te hoor.

Dit klink na baie moeite, en dit is, maar dit is die beste ding wat enige mens in sy lewe kan doen.